

10 Junie 2026

**Geagte Graad 12-ouers en -voogde,**

Met die eksamen wat tot 'n einde staan, wil ons graag die reëlings vir die laaste week van die kwartaal met u deel.

Alhoewel die graad 12's, soos per die eksamenrooster, op 22 Junie hulle laaste vraestelle skryf, is dit belangrik dat hulle steeds 23 tot 26 Junie skool toe kom.

Gedurende hierdie tydperk sal onderwysers saam met leerders met die behandeling van vraestelle asook die verwerking en verifiëring van punte besig wees. Hierdie is 'n baie belangrike puntekontrole-geleentheid vir graad 12's aangesien die Junie-eksamen 'n beduidende gewig van hulle SBA-punt dra wat na Kwartaal 3 vir die Departement van Onderwys gestuur word. Na afloop van vraestelbespreking en puntekontrole sal daar ook met die aanbieding van die finale werk vir graad 12 begin word. Kwartaal 3 is tradisioneel baie kort vir graad 12's aangesien die rekordeksamen reeds einde Augustus begin. Dit is dus belangrik om van elke akademiese kontaktyd-sessie gebruik te maak.

Ons doen daarom 'n ernstige beroep op ouers om toe te sien dat graad 12's vanaf 23 tot 26 Junie skool **daaglik bywoon** en nie vroeër met vakansie vertrek nie.

Gedurende die laaste week van hierdie kwartaal is daar ook sessies vir sekere vakke se Praktiese Assesseringstake (PAT) geskeduleer. Hierdie sessies is verpligtend vir die betrokke leerders. Ons verwag ook dat daar 'n verteenwoordiger van die Departement van Onderwys by die sessies gaan opdaag.

Dinsdag, 23 Junie	IGO-PAT	14:00-17:00
Woensdag, 24 Junie	RTT-PAT	14:00-17:00
Donderdag, 25 Junie	IT-PAT	14:00-17:00
Donderdag, 25 Junie	Ontwerp PAT	14:00-17:00

Die skool sluit amptelik op **Vrydag, 26 Junie**, vir die vakansie. Ons versoek vriendelik dat hierdie datum gerespekteer word wanneer vakansie- of reisreëlings getref word.

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning en samewerking. Ons waardeer dit opreg en sien daarna uit om die kwartaal positief af te sluit.

Vriendelike Randjiegroete



---

E. Mans  
Adjunk-hoof: Akademie



---

P. Booysen  
Skoolhoof